

Ontmoeting 4



Jona

Kinders leer dat God gehoorsaamheid vra

Teks: Jona

Hulpmiddels:

- 10 vissies per groep
- 3-4 Jona-prentjies om agterop sommige vissies te plak
- h Skuifspeld vir elke vissie
- h Visvangstok met h magneet vooraan vir elke span
- h Bak vir elke span om die vissies in te sit
- 1 of 2 leë ontbytgraanbokse wat kan dien as kameras
- Kameramanne
- h Nuusleser wat netjies aangetrek is
- h Tafel waarby die nuusleser kan sit
- Papiere waarop die “nuus” geskryf is
- h Verslaggewer met h mikrofoon
- h Jona wat verkieslik lyk of hy nat is
- Afdrucke van die inkleurprent (met die visse wat wegkruip)



Welkom

Maak h stel van minstens 10 vissies per groep en h visstok per span. Sit h skuifspeld vooraan elke vissie as jy h visstok met h magneet gaan gebruik. Plak agterop 3 of 4 van die vissies h Jona. Plaas die vissies in h groot bak en maak seker die Jona is nie sigbaar nie. Vir elke vissie wat hulle vang wat “skoon” is, kry die span 100 punte. Vir elke vissie wat hulle vang met h Jona op, kry hulle 200 punte. Die eerste span wat 1000 punte het, wen die visvangkompetisie. Laat die kinders beurte maak om vissies te vang.



Wyding

Stilwoord-ritueel: Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne hul ooglede. Sê na 10 tellings in h rustige stem (terwyl hul oë toebly): “God se lig skyn altyd voor jou, of dit donker of lig in jou lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem.” Wag nog h paar tellings en sê dan: “Amen.”



Woord

Ons gaan vandag se storie in die vorm van h nuusberig en onderhoud met Jona aanbied.

Nuusleser: Goeiemôre. Ek is Nadia van Nineve en dis lekker om vandag vir julle die nuutste nuusgebeure te bring. Heel bo aan ons berigte vandag: “Vissermanne sê dat hulle in die laaste tyd baie goeie visvangste gehad het.” Ons volgende nuusstorie gaan oor al die misdaad wat in Nineve plaasvind. Maar eers ons hoofberig vir vandag:

Ons het verslag ontvang van 'n wonderbaarlike gebeurtenis. Dit het net hier om die draai op ons plaaslike strand gebeur. Blykbaar het hier 'n man op die strand uitgespoel en hy het 'n storie wat moeilik is om te glo. Ons eie verslaggewer, Pieter praat die Waarheid, is op die strand om die nuus vir ons te vertel.

Pieter... is jy daar? Pieter?

Kameraman en verslaggewer kom op die toneel.

Verslaggewer: Ja, Nadia, ek is hier. Goiedag aan jou en aan al ons nuuskykers.

Nadia: Wat gebeur daar by julle en watter nuus het jy vandag vir ons?

Verslaggewer: Ons is op die strand waar 'n reddingspan besig is om na 'n man om te sien. Dit lyk asof hy byna verdrink het. Die man lyk nie baie goed nie. 'n Visserman het hom vroeg vanoggend op die strand sien lê en dadelik die reddingspan laat kom. Wag, dit lyk of die reddingspan klaar is. Kom ek kyk of ek 'n onderhoud met hom kan voer. Verskoon tog, Meneer. Kan ek miskien gou 'n paar vrae vir u vra?

Jona kom nader gestap.

Jona: Sekerlik, Meneer. Verskoon net dat ek so stink en as ek bietjie deurmekaar klink, maar ek het 'n rowwe 3 dae agter die rug. Ek wil hierdie 3 dae nooit weer oor hê nie.

Verslaggewer: Vertel ons wie u is en hoe u op die strand uitgespoel het. Het u boot gesink?

Jona: Nee, nie heeltemal nie. My naam is Jona.

Verslaggewer: Wag net 'n bietjie, het u gesê Jona? Dié Jona – die bekende profeet van die Here?

Jona: Ja, dis ek.

Verslaggewer: Kykers, dis 'n rare geleentheid wat ons vandag het om met een van God se spesiale boodskappers te praat! Wow, wat 'n voorreg om u te ontmoet, mnr. Jona.

Jona: (half onseker) Dankie... ek dink? Maar ek is nie so spesiaal soos wat almal sê nie.

Verslaggewer: Jona, ek verstaan dat jy die Goeie Nuus van God aan baie mense oordra? So hoekom is jy vandag hier? Wat het gebeur?

Jona: Ek moet vir jou sê, vandag is nou die een dag wat ek nie baie opgewonde is oor die boodskap wat ek moet bring nie. Jy sien, God wil hê ek moet met die mense van Nineve gaan praat.

Verslaggewer: O, Nineve? Ek sien.

Jona: Ek sal enigiets anders doen as om nou met Nineve te gaan praat. Ek het begin om in heeltemal die teenoorgestelde rigting te hardloop as wat ek veronderstel is om te gaan en toe beland ek hier.

Verslaggewer: Laat ek net gou my storie agtermekaar kry – Jy verkies om NIE aan God se opdrag gehoorsaam te wees nie?!

Jona: Heeltemal reg.

Verslaggewer: Dis nou nie eintlik 'n baie goeie plan nie, is dit?

Jona: Jy sê vir my? Toe ek weer sien, is ek op 'n boot met 'n eenrigting kaartjie na Tarsis toe. Daar het 'n groot storm losgebreek en ek het nie gedink enigeen op die boot gaan dit oorleef nie. Ek het geweet ek is in groot moeilikheid.

Verslaggewer: Nou wat het gebeur?

Jona: Ek het die bemanning op die boot gevra om my in die see te gooi, want ek het geweet dat ek nie uit hierdie een gaan kom nie.

Verslaggewer: Wááááát? Jy het GEVRA dat hulle jou in die storm in die see moet gooi? Is dit nie 'n mallerige idee nie?

Jona: Miskien was dit, maar jy moet onthou dat ons hier met die Here te doen het.

Verslaggewer: Wel, wat het volgende gebeur?

Jona: Alles het skielik donker geword en ..

Verslaggewer: Ja, en?

Jona: Jy sal nie glo wat ek jou gaan vertel nie.

Verslaggewer: *Try me!*

Jona: Jy het gevra daarvoor... Ek is deur 'n groot vis ingesluk.

Verslaggewer: Ekskuus? Wat sê jy?

Jona: Ek was ingesluk! Deur 'n groot vis. Net so... (*Maak hap en insluk beweging en geluid met mond.*)

Verslaggewer: OK. (*Huiwer*) Wag 'n bietjie, laat ek dit nou net regkry. Jy sê vir my dat jy probeer weghardloop het van God, in 'n boot in die teenoorgestelde rigting gevlug het, in 'n groot storm op die boot, GEVRA het dat hulle jou oorboord moet gooi en dat jy toe deur 'n vis ingesluk is?

Jona: Dis presies wat gebeur het.

Verslaggewer: (*Hy lag.*) So jy gaan seker volgende vir my iets mals sê soos dat God jou jammer gekry het en die vis toe gestuur het om jou hier op die strand te kom uitspoeg.

Jona: Julle hoef my nie te glo nie, maar dis wat gebeur het.

Verslaggewer: So, mense, hier het julle dit nou self uit die mond van die vis, ek bedoel vis-man, gehoor. (Aan Jona): Ek kan steeds net nie glo dat jy so dom was om in die eerste plek van God se opdrag te probeer wegkom nie. Wat was hierdie opdrag?

Jona: Ek moet vir die mense van Nineve kom vertel dat hulle verkeerde dinge doen en dat God die hele stad binne veertig dae gaan verwoes as die mense hulle nie tot God bekeer nie. Ek doen h beroep op almal – van die koning tot die heel eenvoudigste slaaf: “Draai asseblief weg van julle sonde af en doen wat God van julle vra. Hy is lief vir julle en wil nie hê dat julle sal aanhou met hierdie verkeerde dinge nie.”

Verslaggewer: Sjoë, ek kan verstaan dat jy bang was om hierdie boodskap te gaan gee, want die mense kan dalk kwaad word vir jou. Ek dink ek sou seker ook maar enigiets probeer doen het om uit hierdie situasie te kom.

Jona: Ja wel, ek moes op die harde manier leer dat niks belangriker is as om gehoorsaam te wees aan God nie. Sal julle my nou asseblief verskoon? Ek moet gaan was en droog aantrek. Ek moet nog gaan seker maak dat elke mens in Nineve hierdie boodskap kry.

Nuusleser: Daar het julle dit nou. Dis belangrik om te onthou dat as God vir ons h opdrag gee, Hy wil hê dat ons gehoorsaam sal wees aan Hom. Hy wil nie net vir Jona gebruik as boodskapper nie, maar ook vir my en jou. Ek wonder wat jou antwoord is wanneer God jou stuur om iets vir Hom te doen.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe Jona gevoel het toe hy daar in die vis sit.
2. Ek wonder hoe hy gevoel het toe hy besef dat God hom gered het, al was hy ongehoorsaam.
3. Ek wonder wat sou jy nog vir Jona wou vra as jy die verslaggewer was.



Werskaf

- Soek die 6 visse wat wegkruip in die prent waar Jona na die boot toe stap. Omkring die visse en kleur die prent in.
- Speel weer die visvang speletjie.

Gebed:

Draai twee-twee na mekaar toe en fluister h gebed in die ander persoon se oor. Vra vir God om die ander persoon te help om te luister wanneer God hom/haar vra om weg te draai van sonde. Ons bid ook dat die ander persoon sal luister wanneer God vir hom/haar h opdrag gee.

Sluit af met die seënbede

“Die Here kies jou om mense wat swaarkry, te gaan help, maak nie saak wie jy is nie. Gaan nou, moenie bang wees nie. Die Here is met jou.”

